Phaeoptilum spinosa (bougainvillea familie)

E: brittle-thorn A: brosdoring D: Bougainvilleabusch H: otjinanguruve



So gesien, lyk *Phaeoptilum spinosum* die mooiste, en dit is altyd in laat lente en vroeë somer, d.w.s. in November. Feitlik in die hele land kom dit voor, behalwe in die droë Namib en die hele noordoostelike deel van die land, dis die hoë-reënval-area.

Eintlik kan daar nie veel van hierdie plant uit die Bougainvillea familie (*Nyctaginaceae*) gesê word nie, behalwe dat dit in blomme- en vrugtekleed verruklik mooi is. Die struik kan tot 2 m hoog en 3 m in deursnee word. Die takke is stokkerig en krapperig. As jy takke vol vrugte vir die blompot wil breek, sal jy dit waarskynlik nie sonder bloederige krapmerke kan gebeur die. Die takpunte is skerp. Kleinvee vreet die blomme en jong groei met blare as die ander kos skaars is.

So lyk dit in volle blom.,

so lyk dit in blomtyd na ‘n swak reënseisoen

Voordat die vruggies na pienk verkleur, lyk hulle eers groengeel en verkleur dan oor so ‘n vuilgeel na pienk. Interessant is, dat baie van die struike se vruggies nie na pienk verkleur nie, maar gelerig bly.

Een enkele blom

vol blomme en een saad

pienk saad

Ander spesies uit die Bougainvillea familie is die tuin-bougainvillea wat ons almal ken, die baie ongewilde tuin-onkruid *Boerhavia coccinia* (dis die ene met die baie klein magenta blommetjies en die groen taai saadjies, wat in beenhare en/of sokkies vaskleef) en *Sericorema sericea* (ek noem dit sommer grasblommetjie, die plant lyk amper soos gras en staan tussen gras, net die blommetjies is anders)

Tuin bougainvillea

Boerhavia coccinea

Sericorema sericea

'n Mens kan amper nie dink, hierdie vier plantspesies, wat uiterlik **so baie verskil**, behoort aan dieselfde familie nie!

Oor medisinale en/of ander gebruike het ek niks gekry nie. Dit sal altans tog baie mooi lyk in 'n rotstuin, al is dit net in die lente.

Inligtingsbronne: Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer) Le Roux and Müller's Field Guide to theTREES & SHRUBS of Namibia (Revised and expanded by Coleen Mannheimer and Barbara Curtis)
www.kyffhauser.co.za/flora

Fotos van *Phaeoptilum spinosa* met pienk vleuelvruggies: Udo Kleyenstueber (Danke!)

Teks en res fotos: Anka Eichhoff November 2018